Sondag 16 Augustus
Skrifgedeelte: Matteus 18:21-35
Fokusgedeelte: Matteus 18:35 (AFR83)

## Mekaar vergewe

In die goeie grond sien 'n mens eers werklik die rykdom en krag van die saad wat daar gesaai is. Daar sien jy onder andere wat die rykdom en krag is van die vergifnis waarvan die evangelie praat. Efesiërs 4:32 sê: *"Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het."* Daarvan kry ons 'n baie praktiese voorbeeld in Lukas 7, hoe Jesus met die sondares gemaak het wat na Hom toe gekom het. Daarvan het die fariseër Simon niks verstaan nie. Daarom was dit ook eg menslik dat Petrus, toe Jesus in Matteus 18 gepraat het oor vergifnis en die afhandeling van geskille, onder mekaar dadelik gevra het of sewe maal vergewe genoeg was. Sewe maal is mos al klaar baie! Maar: Solank iemand nog wil tel, is hy nog ver van God wat *grensloos vergewe*!

Daarom het Jesus toe die gelykenis vertel, 'n uiterste gelykenis van 'n skuld van miljoene rand en die skuld van 'n paar rand en dit direk op sy gehoor toegepas: *"So sal my Vader wat in die hemel is, ook met julle maak as julle nie elkeen sy broer van harte vergewe nie."*

Die praktiese boodskap hiervan is dat jy die genade wat jy self begeer en ontvang, daadwerklik sal deurgee. *Daar* was Petrus se aanvanklike probleem en *daar* is ook een van die groot probleme in die land en die rede waarom daar altyd weer terugverwys word na die onreg van die verlede. Nog 'n ding wat net so misleidend is, is die advies wat mense dikwels gee dat jy 'n misdadiger wat jou kwaad aangedoen het, moet vergewe en vryspreek asof 'n mens dinge wat gebeur het sommer so onder die mat kan vee. Wat word dan van die reg en van regspraak?

In die gelykenis wat Jesus vertel het, staan alles juis op 'n baie spesifieke grondslag: die genade wat die eerste skuldenaar self begeer en ontvang het. *Daardie* genade het die man nie deurgegee aan die man wat by hom in die skuld was nie, en God sien daardie dubbele standaarde raak! *Dit* sal Hy nie toelaat nie! Wee die een wat daardie genade wat hy self begeer en ontvang, nie deurgee nie! *"So sal my Vader wat in die hemel is, ook met julle maak as julle nie elkeen sy broer van harte vergewe nie."*

Dink ook aan die gebed wat die Here ons geleer het in Matteus 6:12: "... *en vergeef ons ons oortredinge soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree."* Mekaar vergewe soos God ons in Christus vergewe het. Wat 'n rykdom!

*Sing: Psalm 32-1:1*

*Ds. DHP (Dirk) Wijnbeek (Emeritus)*